Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, September 07, 2018
Page: 25



Só kan jy vir jouself sorg

Testamente en boedelbeplanning word nie net gebruik om vir naasbestaandes voorsiening te maak vir die dag wanneer jy nie meer daar is nie. Jy moet ook vir jouself reëlings tref vir wanneer jy dalk eendag weens siekte of ouderdom nie meer self besluite oor jou geldsake kan neem nie.

Vandeesweek wil ek praat oor wat in die algemeen bekend is as boedelbeplanning, meer spesifiek oor hoe jy vir jouself voorsiening moet maak wanneer jy nie meer vir jouself kan sorg nie.

Baie mense meen boedelbeplanning is om 'n testament op te stel. Nog mense soek daarin 'n geleentheid om 'n polis of twee te smous. Ander is toegespits op maniere om belasting te vermy (en ongelukkig skep hulle dan dikwels nuwe probleme).

Boedelbeplanning is finansiële risikobeplanning. Kyk na die risiko's en die finansiële gevolge wat dit op jou of jou naasbestaandes kan hê en beplan dan daarvolgens. Ek kyk vandag na die "op jou"-deel van dié stelling.

Om dit kortweg te stel, jy kan spaar tot jy blou in die gesig is en baie geld hê, maar die risiko is daar dat jy om gesondheidsredes op 'n dag in 'n situasie kan beland waar jy nie meer beheer oor jou eie sake kan uitoefen nie. Dink aan demensie en Alzheimer se siekte – veral as jy oud is en daar nie ander is om na jou sake om te sien nie.

Volmagte gaan nie help nie. 'n Volmag verval as jy die dag nie meer wilsbevoeg is nie, byvoorbeeld weens Alzheimer se siekte. Die enigste uitweg is dat 'n kurator vir jou aangestel sal moet word om jou sake te reël.

'n Baie eenvoudige en logiese oplossing sou wees as al jou bates, of minstens 'n groot genoeg deel daarvan om jou finansieel te onderhou, in 'n trust geplaas is waaruit jy versorg kan word. So 'n trust sou dan kon funksioneer as 'n spesiale trust, wat onder meer ook belastingvriendeliker is as die alombekende familietrust.

Die probleem daarmee was nog altyd hoe om daardie bates in die trust te kry met jou as bevoorregte. Indien jy dit sou skenk, is jy blootgestel aan geskenkebelasting.

Die kommissaris van binnelandse inkomste het pas vir ons die deur oopgemaak met 'n bindende private beslissing. So 'n beslissing is nie bindend op almal nie, net op die persoon ten opsigte van wie dit gedoen is, maar ek meen tog dit skep 'n presedent.

Ingevolge die bindende private beslissing het 'n volwasse persoon wat aan 'n verswakkende toestand ly, 'n bedrag geld aan 'n trust oorgedra om vir haar versorging voorsiening te maak. Die kommissaris het beslis dit is nie 'n skenking nie en daarom is geen geskenkebelasting betaal nie.

Ek is nie seker op grond waarvan hy so 'n besluit kon neem nie. Die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) maak dit duidelik dat skenkingsbelasting betaalbaar is (artikel 54) op skenkings (byvoorbeeld aan 'n trust) en gee ook die definisie van wat 'n skenking is (artikel 55). Dit was 'n skenking.

Al wat ek kan sien, en my kollegas blyk met my saam te stem, is dat die kommissaris die persoon vrygestel het van geskenkebelasting, soos hy by magte is om te doen ingevolge artikel 56 (2)(c) van die wet. Dié vrystelling geld enige bona fide-bydrae deur die skenker vir die onderhoud van enige persoon as wat die kommissaris billik ag.

Dit is 'n vrystelling van geskenkebelasting – daar is niks wat hom die reg gee om te besluit oor wat 'n skenking is en wat nie. Maar ek wil nie stry nie; dalk kyk ek net iets mis. Die punt is dat Jan Taks sy sagte kant gewys het en dit skep 'n geleentheid – nie vir misbruik nie, maar vir 'n manier om vir jouself op jou oudag finansieel voorsiening te kan maak, met jou eie geld, as jy nie self verantwoordelike besluite kan neem nie.

Ek meen hierdie onderwerp moet deel uitmaak van enigiemand se boedel- of finansiële beplanning. Polisse teen gevreesde siektes kan met vrug hier aangewend word om die kapitaal te skep. **LBW**

Nico van Gijsen is lid van Fisa en bestuurende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.

NAVRAE: Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**, tel. **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.